higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

(7601064)

7 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
NKR VLAK 4
VRAESTEL 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word.
5. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.
6. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingelewer word, tensy anders aangedui word.
7. Skryf die EKSAMENNOMMER, SENTRUMNOMMER en WEERGAWE VAN DIE PROGRAMMATUUR (bv. MS Office 2010) op die EKSAMENOMSLAG neer. Verseker dat jou skrif netjies en leesbaar is.
8. Verseker dat elke DRUKSTUK die gedrukte VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER toon soos aangedui is.
9. Punte sal nie vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER en 'n konsekwente WATERMERK toegeken word nie.
10. Geskrewe EKSAMENNOMMERS sal NIE aanvaar word nie.
11. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui is, is 'n riglyn om jou te help om die vraestel binne die toegekende 3 uur te voltooi.
12. Die 3 uur wat vir hierdie vraestel toegeken is, sluit druktyd in. GEEN BYKOMENDE TYD sal vir drukwerk toegelaat word nie, tensy 'n drukker- of rekenaarweiering voorgekom het.
13. Dit is jou verantwoordelikheid om JOU WERK GEREELD TE STOOR om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Dit is nie die toesighouer se verantwoordelikheid om jou te help om ingesleutelde werk wat as gevolg van 'n kragonderbreking verlore gaan, te herwin nie.

Kopiereg voorbehou

14. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

15. Die speltoetser mag gebruik word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (WOORDVERWERKING) **TYD: 72 Minute**

VRAAG 1

1.1 Gebruik MS Word of MS Access om 'n databrondokument vir e-possaamvoeging (*mail merge*) te skep deur die inligting op die volgende bladsy te gebruik. Moenie die teks in die eerste ry insleutel nie, aangesien dit slegs aandui waar die inligting ingesleutel moet word. (1)

1.2 Stel die lettertipe as Arial, grootte 12. (1)

1.3 Indien jy MS Word gebruik, voeg 'n kopskrif met jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 1 (gesentreer) in.

OF

Indien jy MS Access gebruik, hernoem die tabel met jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 1. (2)

1.4 Skep 'n databrondokument deur die veldname te gebruik wat op die volgende bladsy aangedui is. (1)

1.5 Sleutel die veldname in hoofletters in. (1)

1.6 Sleutel die veldname en rekords akkuraat in met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letterspasiëring. (8)

1.7 Regsbelyn die inhoud in die NAAM VAN INSTELLING-kolom. (1)

1.8 Verander die papieroriëntasie na landskap. (1)

1.9 Verstel die kolomwydtes om te verseker dat die data vir elke rekord sigbaar is en op een reël vertoon word, soos aangedui is. (2)

1.10 Stoor die dokument as VRAAG 1 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.11 Druk die databrondokument op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Kopiereg voorbehou

VELDNAME	REKORD 1	REKORD 2	REKORD 3	REKORD 4
NAAM VAN INSTELLING	XYZ-gemeenskapsentrum	Mbalentle Kollege	Khethowakhe Instelling	Bright Future Kollege
INSKRYWINGS	1550	2500	3000	3500
AANTAL DWELMVERSLAWINGS	35	167	200	500
AANTAL ALKOHOLVERSLAWINGS	125	200	99	345
AANTAL REHABILITASIES	82	205	120	400

Gebruik die bostaande veldname om die databrondokument te skep

Sleutel die data vir elke rekord akkuraat in

[20]

VRAAG 2

2.1 Gebruik MS Word om 'n uitnodiging (primêre dokument) vir e-possaamvoeging voor te berei deur die inligting wat op die volgende bladsy gegee is, te gebruik. (1)

2.2 Voeg 'n kopskrif met VRAAG 2 (linksbelyn) en jou EKSAMENNOMMER (regsbelyn) in. (2)

2.3 Gebruik lettertipe Arial, grootte 12, vir alle teks tensy anders aangedui word. (1)

2.4 Sleutel die primêre dokument akkuraat in met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letter- en reëlspasiëring. (13)

2.5 Redigeer die woorde "WIE DIT MAG AANGAAN" om in bokas en vetdruk te verskyn. (2)

2.6 Redigeer die hoofopskrif, "Alkoholmisbruik onder ..." na lettertipe Algerian, grootte 16. (1)

2.7 Onderstreep die hoofopskrif met onderbroke onderstreping soos aangedui is. (1)

2.8 Verander die belyning van die eerste paragraaf na volle justering. (1)

2.9 Onderstreep die sin wat begin met "Die volgende statistiek ..." met dubbele onderstreping. (1)

2.10 Voeg die korrekte SAAMVOEGVELDE (veldname) in die posisies in soos in die PRIMÊRE DOKUMENT aangedui is. (6)

2.11 Redigeer die sin wat begin met "Die volgende tabel ..." om in kursief en regsbelyn te verskyn. (2)

2.12 Voeg die tabel in soos aangedui is en sleutel die teks korrek in. (4)

2.13 Voeg kolpunte in die linkerkolom en nommering in die regterkolom in. Jy mag kolpunte en nommering van jou keuse gebruik. (2)

2.14 Gebruik die volgende verskaduïng in die eerste ry van die tabel soos aangedui is: *White, Background 1, Darker 25%* (2)

2.15 Voeg 'n bladsybreuk in soos aangedui is. (1)

2.16 Voeg TWEE geskikte prente/knipselkuns in en herskaleer dit na die toepaslike grootte soos aangedui is. (4)

2.17 Sentreer en vetdruk die slagspreuk "KRY HULP EN NEEM JOU LEWE TERUG!" (2)

2.18 Gebruik die speltoetsfunksie om te verseker dat al die spelling korrek is. (1)

2.19 Stoor die dokument as VRAAG 2 of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.20 Druk die primêre dokument op TWEE A4-portretbladsye en plaas die DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG. (1)

Wie dit mag aangaan

Alkoholmisbruik onder studente is vinnig besig om 'n nasionale krisis te word

Middelmisbruik is geïdentifiseer as een van die belangrikste sosiale euwels waarmee studente by die land se instellings van hoër onderwys gekonfronteer word. Alhoewel daar nie amptelike nasionale syfers is van studente wat middels misbruik nie, bevestig beskikbare inligting dat probleme met middelmisbruik in die land se akademiese instellings bestaan. Bevindinge van 'n studie wat by een van die land se instellings uitgevoer is, toon byvoorbeeld dat die meerderheid studente alkohol misbruik.

Die volgende is statistiek van middelmisbruik by sommige van die instellings:

Naam van die instelling: <<NAAM VAN INSTELLING>>
Aantal inskrywings: <<INSKRYWINGS>>
Studente wat aan dwelms verslaaf is: <<AANTAL DWELMVERSLAWINGS>>
Studente wat aan alkohol verslaaf is: <<AANTAL ALKOHOLVERSLAWINGS>>
Suksesvolle rehabilitasies: <<AANTAL REHABILITASIES>>

Voeg die korrekte saamvoegvelde wat in VRAAG 1 geskep is, in.

Die volgende tabel verteenwoordig sommige van die belangrikste bydraende faktore wat tot middelmisbruik onder tersiêre studente lei:

Psigologiese faktore	Sosiale faktore
Depressie	Nabootsing van rolmodelle
Selftwyfel	Portuurdruk
Swak selfrespek	Swak ouerlike monitering

.....Bladsybreuk .....

Voeg 'n prent/knipselkuns in

Voeg 'n prent/knipselkuns

KRY HULP EN NEEM JOU LEWE TERUG! ←

Sentreer en vetdruk die slagspreuk

[48]

VRAAG 3

3.1 Maak die primêre dokument oop wat jy as VRAAG 2 gestoor het.

3.2 Vervang die kopskrif met 'n voetskrif en voeg VRAAG 3 (linksbelyn) en EKSAMENNOMMER (regsbelyn) in. (2)

3.3 Voeg die databron en die hoof- (primêre) dokumente saam om die sekondêre dokumente (saamgevoegde briewe) te skep. (8)

3.4 Stoor die dokument as VRAAG 3 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.5 Druk slegs die briewe vir Mbalentle Kollege en Khethowakhe Instelling op TWEE portretbladsye en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[12]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B (SIGBLAD) **TYD: 72 Minute**

VRAAG 4

4.1	Gebruik MS Excel en die inligting op die volgende bladsy om 'n sigblad te skep. Moenie die inhoud in die verskadude ry en kolom insleutel nie, aangesien dit slegs verskaf is om die korrekte selle wat gebruik moet word, aan te dui.	(1)
4.2	Voeg 'n voetskrif met VRAAG 4 en jou EKSAMENNOMMER gesentreer in.	(2)
4.3	Gebruik lettertipe Arial Narrow, grootte 12, tensy anders aangedui is.	(1)
4.4	Sleutel die inhoud van die sigblad akkuraat in met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letterspasiëring.	(8)
4.5	Linksbelyn die hoofopskrif oor kolom A tot C soos aangedui is.	(1)
4.6	Redigeer die hoofopskrif om in Britannic Bold, grootte 14 te verskyn.	(1)
4.7	Voeg saam en sentreer die kolomopskrif "TIPES MISBRUIKERS" oor ry 3 en ry 4 soos aangedui is.	(1)
4.8	Vetdruk en regsbelyn alle kolomopskrifte.	(2)
4.9	Skrap die oop ry (ry 5).	(1)
4.10	Vertoon alle syfers in KOLOM B en C as heelgetalle (geen desimale nie) en regsbelyn.	(2)
4.11	Pas die kolomwydte aan om te verseker dat alle ingesleutelde inligting leesbaar is.	(1)
4.12	Voeg horisontale en vertikale lyne in soos op die sigblad aangedui is.	(2)
4.13	Stoor die sigblad as VRAAG 4 of volgens jou kollege se eksamenregulasies.	
4.14	Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	(1)

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D
1	SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY			
2	Geskatte % vermindering: 10%			
3	TIPES MISBRUIKERS		REHABILITASIES	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
4		2021	2022	
5				
6	Vroulike Tieners	21546	23500	
7	Vroulike Jeugdiges	10888	13000	
8	Manlike Tieners	35124	38500	
9	Manlike Jeugdiges	10345	13500	
10	Vroulike Volwassenes	5484	9500	
11	Manlike Volwassenes	8654	12500	

[24]

VRAAG 5

5.1 Maak die sigblad oop wat jy as VRAAG 4 gestoor het.

5.2 Vervang die voetskrif met 'n kopskrif en voeg VRAAG 5 (linksbelyn) en EKSAMENNOMMER (regsbelyn) in. (2)

5.3 Voeg die nuwe rye en kolomme in en sleutel die nuwe teks in wat verskaf is. (9)

5.4 Regsbelyn die hoofopskrif soos in die sigblad aangedui is. Waar nodig, voeg die selle saam (*merge*). (1)

5.5 Onderstreep die hoofopskrif deur dubbele onderstreping te gebruik. (1)

5.6 Voeg saam en sentreer die kolomopskrif 'REHABILITASIES' oor sel B3 en C3 soos aangedui is. (1)

5.7 Sentreer alle kolomopskrifte. (1)

5.8 Redigeer die lettertipe van die nuwe kolomme (kolom D en E) na Broadway, grootte 12. (1)

5.9 Redigeer die inligting vir "TIPES MISBRUIKERS" (sel A5-A10) om in kursief te verskyn. (1)

5.10 Voeg toepaslike formules in die selle in wat die ooreenstemmende vraagnommers vertoon om die berekeninge hier onder uit te voer. (1)

5.10.1 TOTALE REHABILITASIES = Som van REHABILITASIES vir 2021 en 2022 vir elke TIPE MISBRUIKER. (1)

5.10.2 VERSKIL IN REHABILITASIES = REHABILITASIES vir 2022 minus REHABILITASIES vir 2021. (1)

5.10.3 GESKATTE VERMINDERING IN 2023 = TOTALE REHABILITASIES maal met 10% (sel B2). Gebruik absolute selverwysings in die formule. (1)

Kopiereg voorbehou

5.10.4 TEL AANTAL MISBRUIKERS = Tel (*count*) die aantal REHABILITASIES vir 2021. (1)

5.10.5 LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS = Minimum REHABILITASIES vir 2022. (1)

5.10.6 GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS = Gemiddelde aantal REHABILITASIES vir 2022. (1)

5.11 Gebruik *Autofill* om die formules na die selle te kopieer wat met die pyltjies in kolom D en E aangedui is. (1)

5.12 Redigeer die syfers in kolom D en E om in vetdruk te verskyn. (1)

5.13 Vertoon die syfers vir 'GESKATTE VERMINDERING IN 2023' as heelgetalle (geen desimale nie). (1)

5.14 Vertoon die syfer vir 'GEMIDDELED' as 'n syfer (*number*) met een desimale plek. (1)

5.15 Voeg horisontale en vertikale strepe in soos aangedui is. (1)

5.16 Gebruik dik buiterame soos aangedui is. (1)

5.17 Verstel die kolomwydtes om die inhoud van elke kolom te vertoon soos aangedui is. (1)

5.18 Stoor die sigblad as VRAAG 5 of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.19 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy SONDER ry- en kolomopskrifte. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D	E	F
1				**SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY**		
2	Geskatte % vermindering:	10%				
3	TIPES MISBRUIKERS	REHABILITASIES		TOTALE REHABILITASIES	VERSKIL IN REHABILITASIES	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
4		2021	2022			
5	Vroulike Tieners	21546	23500	**(5.10.1)**	**(5.10.2)**	**(5.10.3)**
6	Vroulike Jeugdiges	10888	13000			
7	Manlike Tieners	35124	38500			
8	Manlike Jeugdiges	10345	13500			
9	Vroulike Volwassenes	5484	9500			
10	Manlike Volwassenes	8654	12500			
11						
12	TEL AANTAL MISBRUIKERS	**(5.10.4)**				
13	LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS		**(5.10.5)**			
14	GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS		**(5.10.6)**			

Voeg nuwe kolomme (D en E) in en sleutel die nuwe kolomopskrifte in

Voeg nuwe rye (12-14) in en sleutel die rou teks in

[32]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1	Maak die sigblad oop wat jy as VRAAG 5 gestoor het.	(1)
6.2	Verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6.	(1)
6.3	Vertoon die formules wat gebruik is.	(8)
6.4	Verstel die kolomwydte om te verseker dat alle formules duidelik sigbaar is.	(1)
6.5	Stoor die dokument as VRAAG 6 of volgens jou kollege se eksamenregulasies.	
6.6	Druk die antwoord op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	(1)
		[12]

VRAAG 7

7.1	Maak die sigblad oop wat as VRAAG 5 gestoor is.	
7.2	Skrap die kopskrif.	(1)
7.3	Voeg 'n 3D-sektorgrafiek in om die Rehabilitasie van Misbruikers vir 2021 te toon.	(2)
7.4	Vertoon die legende met die korrekte inligting aan die linkerkant van die grafiek.	(2)
7.5	Sentreer die volgende grafiektitel in Arial Black, grootte 12, bokant die grafiek: REHABILITASIE VAN MISBRUIKERS EKSAMENNOMMER VRAAG 7	(3)
7.6	Verander die vulkleur (*fill color*) van die grafiek na liggrys.	(1)
7.7	Herskaleer (*resize*) die grafiek om onder die sigblad op een A4-landskapbladsy te vertoon.	(2)
7.8	Stoor die dokument as VRAAG 7 volgens jou kollege se eksamenregulasies.	
7.9	Druk die GRAFIEK as 'n voorwerp (*object*) op EEN A4-bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	(1)
		[12]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C: DATABASIS (Ongeveer 36 Minute)

VRAAG 8

8.1 Gebruik MS Access om 'n databasislêer met die LÊERNAAM, OORMATIGE DRINKERY, te skep. (1)

8.2 Stoor die tabel as jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 8. (1)

8.3 Skep die struktuur van die databasis met die inligting hier onder:

VELDNAME	DATATIPE	GROOTTES
GESLAG	Short Text	18
INSTELLING	Short Text	20
REHABILITASIES	Number	Long Integer
UITDAGINGS	Short Text	30

(8)

8.4 Druk die tabelstruktuur om die veldname, datatipes en -groottes (sonder bykomende eienskappe en indekse) op EEN A4-portretbladsy te vertoon. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[12]

VRAAG 9

9.1 Maak die tabel oop wat jy as jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 8 gestoor het.

9.2 Kopieer die tabel en hernoem dit na EKSAMENNOMMER, VRAAG 9. (1)

9.3 Skep 'n databasis deur die inligting in die tabel hier onder te gebruik:

GESLAG	INSTELLING	REHABI-LITASIES	UITDAGINGS
Vroulike tieners	Bright Future	23500	Alkoholmisbruik
Manlike tieners	My Destiny	13000	Dwelm- en alkoholmisbruik
Vroulike jeugdiges	Pfundzo	38500	Alkoholmisbruik
Manlike jeugdiges	Dyondzo	13500	Dwelmmisbruik
Manlike volwassenes	Mbalentle	9500	Alkohol- en dwelmmisbruik
Vroulike volwassenes	Success	12500	Alkoholmisbruik

(10)

9.4 Voeg 'n nuwe rekord met die volgende detail in:

Mans en Vrouens	Millennium	130000	Alkohol- en dwelmmisbruik

(1)

9.5 Sorteer die tabel in DALENDE VOLGORDE volgens die INLIGTING-kolom met al die ooreenstemmende inligting. (2)

9.6 Vind die woord 'tieners' en vervang dit met 'tienderjariges'. (1)

9.7 Verstel die kolomwydtes om te verseker dat alle data gelees kan word. (1)

9.8 Stoor die tabel as jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 9 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

9.9 Druk die tabel op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[17]

VRAAG 10

10.1 Maak die tabel oop wat jy as EKSAMENNOMMER, VRAAG 9 gestoor het.

10.2 Skep 'n databasisverslag (*report*) deur die *Report Wizard* te gebruik. (1)

10.3 Gebruik die volgende veldname uit die tabel om die verslag te skep: GESLAG, INSTELLING en REHABILITASIES. (3)

10.4 Gebruik die *Tabular*-uitleg vir die verslag. (1)

10.5 Redigeer die verslagkopskrif om soos volg te lyk: EKSAMENNOMMER, MIDDELMISBRUIKUITDAGINGS (2)

10.6 Voeg die volgende teks onder die laaste rekord op die verslag in: TOTALE REHABILITASIES (1)

10.7 Voeg die korrekte formule in om die TOTALE AANTAL REHABILITASIES te bereken. (1)

10.8 Voeg 'n verslagvoetskrif in met VRAAG 10 (linksbelyn). (1)

10.9 Stoor die verslag as jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 10 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

10.10 Druk die verslag op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou